AfriForum

'n Inisiatief van Solidariteit
An initiative of Solidarity

BILTONG BULLETIN

Uitgawe 21 - Mei 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Hierdie maand het ons nuus in bykans al ons kategorieë. Daar is naamsveranderings, iets vir die letterkundige en die letterlike aptyd, asook 'n versoek van 'n leser:

LEESHOEKIE

'n Nuwe Afrikaanse letterkundeveld wat dinamies groei, is emigrasieromans. 'n Aangrypende bydrae wat pas op dié gebied verskyn het, is ***Verblyf***, 'n roman deur Erika Murray-Theron.

Twee susters, twee stede, twee kontinente. Helena en Nicolene staan albei voor die uitdaging om 'n nuwe verblyfplek, 'n hartsplek vir hulle en hulle geliefdes te skep. In Pretoria voel Helena aanvanklik verlate. Haar twee kinders én haar tweede man swerf in die buiteland, haar suster is met haar gesin in Amerika gevestig. Op haar beurt worstel Nicolene en haar man, Jannie, met die werklikhede van emigrasie. Almal moes dinge agterlaat en moet nou probeer om iets te behou van die mense wat hulle vroeër was. Almal vind egter ook nuwe dinge en nuwe mense waaraan hulle geheg kan raak. Hierdie roman ondersoek die wydlopende uitwerking van verskillende soorte verhuisings op die verhoudings tussen mense. Dit is 'n roman vir ons tyd; vir almal wat geliefdes in die buiteland het. Die uitsonderlike stempel van die skrywer se werk is die fyn net van menslike verbande tussen sensitief getekende karakters. In ***Verblyf*** span sy daardie net ver oor die wêreld en vertel met buitengewone insig van Suid-Afrikaners in die vreemde en van hulle naasbestaandes in die vaderland.

Erika Murray-Theron is die skrywer van romans soos *Die Mezzanine-klub*, *Die toubrug, Sê Maria*, *Wie is jy, Elizabeth?* en *Vlegsel*. In 2002 het sy die ATKV-prys vir gewilde prosa verwerf en in

Mei 2007 is sy as die wenner van Sanlam en Tafelberg-Uitgewers se Groot Roman-wedstryd aangewys. ***Verblyf*** kos R100-00 en kan bestel word van **www.proteaboekhuis.com**.

WEBWERWE

As jy moeg gedink is oor wat jy vandag, vandeesweek, of vandeesmaand gaan kook, is **www.whatsfordinner.co.za** die webwerf vir jou! Maklike, voedsame, lekker resepte, wenke, aanduidings van hoe lank die voorbereidings jou gaan neem en maklike vooruitbeplanning maak dit 'n droom vir lui kokke. Daar is selfs 'n afdeling met resepte vir kinders. Knorr-bestanddele is nodig vir die resepte, maar as julle woon in lande waar dit nie verkry kan word nie, kan 'n mens dit maklik met bietjie verbeelding vervang. Beproef die webwerf sommer nog vanaand!

SAAK VAN DIE MAAND: PERSVRYHEID IN SUID-AFRIKA

In die ***Biltong Bulletin*** van April 2007 het ons berig dat nuwe wetgewing tans voor die parlement dien wat die toekomstige persvryheid in Suid-Afrika ingrypend kan raak. Hierdie artikel is onlangs deur die Free Market Foundation gepubliseer:

Press freedom under threat - Langa Bodlani

The proposed Films and Publications Amendment Bill, recently tabled in Parliament by the Minister of Home Affairs, is a threat to our constitutionally guaranteed freedom of expression, which includes the freedom of the press and other media. Our courts have long recognised the centrality of these freedoms for the success and sustenance of our democratic order.

The proposed amendments seek to bring print and broadcast media, which were previously exempted, under the jurisdiction of the Films and Publications Act. Fortunately the enactment of this bill into law has been stalled.

In a recent pronouncement Justice O'Reagan held that, "freedom of expression is integral to a democratic society for many reasons. It is constitutive of the dignity and autonomy of human beings. Moreover, without it, the ability of citizens to make responsible political decisions and to participate effectively in public life would be stifled. The print, broadcast and electronic media have a particular role in the protection of freedom of expression."

The bill, which has the intention of protecting our children from pornographic and other unsuitable material, requires pre-publication permission from the Film and Publications Board for the printing or broadcasting of anything that is considered to be pornographic or covers prohibited acts such as may degrade persons or constitute incitement to cause harm. The Publications Board will be appointed by and therefore accountable to the minister. However, good legislative intentions are not enough, the practical implementation and the ramifications of the legislation are what matters.

This bill will prove very costly for our media. Given the volume of both print and broadcast media in our country it is impossible to see how this will be applied without tampering with the freedom of our press. This is reminiscent of the apartheid era censorship.

Sanef, FXI and Misa-Sa have rightly pointed out that, "Media will probably be forced to expunge large amounts of their news coverage from their pages or broadcasts and submit to procedures that will prevent papers from being distributed on a daily or weekly basis and result in broadcasters having to delay news broadcasts".

Unnecessary complexity in the law governing freedom of expression will follow if this bill should be adopted. Our constitution already has in-built limitations to these freedoms, including the limitations clause contained in section 36 of the constitution. It is hard to see how the limitations imposed by the proposed amendments to the Films and Publications Act will be found to be 'reasonable and justifiable in an open and democratic society'.

There are already adequate institutions and measures to deal with media transgressions, which increases the undesirability of the proposed amendments. We have the Press Ombudsman, The Independent Broadcasting Authority and the Independent Communications Authority of South Africa (ICASA). These institutions were established with a view to having media morals adjudicated by independent bodies. Compare this much-desired independent adjudication with the fact that the Films and Publications Board will be accountable to a cabinet minister who is part of the executive branch of government and therefore not independent.

One cannot decipher the true intention of the government in introducing these amendments. There is an assumption in law that all legislation is intended to remedy a particular situation and there is no clear indication as to what situation these new proposed laws seek to remedy.

Any average follower of the print and broadcast media in South Africa will attest to the fact that our children are not exposed to the ills mentioned by the bill in materials emanating from the print and broadcast media. What then is the true intention of the government? What the bill will do is to subject the media to the constant uncertainty they endured under the apartheid government, a situation the government surely does not wish to recreate.

About the author: *Langa Bodlani is a researcher with the Law Review Project.* *This article may be republished without prior consent but with acknowledgement to the author. The views expressed in the article are the author's and are not necessarily shared by the members of the Free Market Foundation.*

NATUURBEWARING

Die Departement van Mineraal- en Energiesake stel voor dat heffings op voertuie volgens hulle kilowatt kapasiteit ingestel word deur middel van lisensiegelde om energie-doeltreffendheid aan te moedig. Die Departement se doelwit is om enegieverbruik in die vervoersektor teen 2015 met 9% te verminder. Die voorstel word tans bespreek.

****

Wildveilings word tans goed ondersteun. Ezemvelo, die KwaZulu-Natalse natuurbewaringsdiens het in Mei 2007 1 516 diere opgeveil en R9,04-miljoen verdien. Dassies is teen R450 stuk verkoop en witrenosters het tot R320 000 per renoster behaal.

****

DNS-toetse dui aan dat daar 5 olifantkoeie in die Knysnabos is waarvan niemand tot dusver geweet het nie. Daar is ook getuienis dat 'n olifantkalf onlangs in die bos gebore is.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — MEI / JUNIE 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld* en ander dagblaaie? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.
- Mededinging in die goedkoop vlugkosteveld word al taaier. Vandeesmaand vlieg van my vriende Kaap toe vir slegs sowat R500 per persoon, retoer! Besoek die webwerwe van Mango, 1Time en Kulula vir soortgelyke aanbiedings.
- Toe die Suid-Afrikaanse aanleg die kontrak gekry het om die Mercedes-Benz W204 vir die uitvoermark te bou, het 110 DaimlerChrysler-aanlegwerkers en 6 voormanne die geleentheid gekry om in Bremen, Duitsland opgelei te word. Hulle het vir 3 maande daar gewoon en gewerk – 'n groot ondervinding vir die Oos-Kapenaars van wie die meeste nog nooit buite hulle provinsie gereis het nie! Hulle het die Suid-Afrikaanse weer en kos baie gemis, maar waardevolle ervaring verkry wat hulle met hulle plaaslike kollegas gaan deel.
- Die Minister van Binnelandse Sake het aangekondig dat 'n nuwe stelsel binnekort in werking gaan tree om ID-boekies vinniger uit te reik. Die stelsel word na bewering reeds suksesvol vir paspoortuitreikings gebruik. Van die Kom Huistoe-kant af moet julle my verskoon as ek skepties is – ons het in Mei 2007 juis weer etlike klagtes hanteer oor mense wat al maande lank op paspoorte wag ..., maar ons hou duimvas!
- Eerste Nasionale Bank gaan voortaan 'n hoofborg van die Pendoring-reklamewedstryd wees om sodoende lojaliteit teenoor Afrikaanse kliënte te betoon. Meer inligting is beskikbaar by **www.pendoring.co.za**.
- Nog 'n nuwe Suid-Afrikaanse toekenning het die lig gesien – die SA Komedietoekennings. Die eerste toekenningseremonie vind DV vanjaar op 17 September in die Kaap plaas. Inligting verskyn op die webwerf **www.sacomedyawards.com**.
- Ons bly op die terrein van toekennings – Radio 702 is in Mei 2007 deur die BBC aangewys as Afrika se beste radiostasie.
- Radio Pretoria het uiteindelik sy jarelange hofstryd om 'n uitsaailisensie teen die Uitsaai-Owerheid gewen.
- Twee seuns van onderskeidelik 7- en 12-jaar het die land geskok deur 'n 8-jarige skoolmaat op Klawer met 'n byl dood te kap. Skynbaar het hy een van die kinders R5-00 geskuld. Die kinders is voorlopig in aanhouding en word sielkundig behandel. Hulle skool het ook aangekondig dat 'n program by die skool aangebied gaan word om die leerders se waardes positief te ontwikkel.
- Die Departement van Onderwys het die groen lig gekry om 'n duisend onderwysers in die buitland te werf.
- Komponis, akteur en begeleier Blake Toerien is die afgelope week oorlede. Hy was slegs 46.
- Suid-Afrikaner Richard Sterne het pas die Walliese Ope Gholftoernooi met sensasionele spel gewen.
- Suid-Afrikaners se vertroue in hulle provinsiale regerings daal skerp. Markinor se jongste navorsing dui aan dat die nasionale regering 62% vertroue geniet, maar die plaaslike regerings 'n gemiddeld van slegs 41%.
- Vanaf Junie 2007 betaal motoriste aan die kus die eerste keer ook meer as R7-00 per liter petrol. Petrolpryse is pas weer met 23c verhoog. Oliepryse en die rand-dollar-wisselkoers word as sondebokke voorgehou.
- Die Wes-Kaap het verlede jaar R77-miljoen se koper na China uitgevoer, hoewel die provinsie geen kopermyn het nie! Ondersoek word nou na die oorsprong van die koper ingestel omdat vermoed word dat dit deur kabeldiefstal verkry is.
- Advokaat Percy Sonn, president van die Internasionale Krieketraad, is in Mei 2007 oorlede na komplikasies met 'n kolon-operasie.
- As die nuwe Kinderwet aanvaar word, mag ouers voortaan nie hulle eie kinders pakgee nie.

- Verbruikersinflasie het in April 2007 tot 6,3% gestyg. Die Reserwebank het die rentekoers pas weer met 0,5% tot 13% verhoog en kopers sal dus nog meer sukkel om 'n eerste eiendom te kan bekostig.

GESKIEDENISBROKKIE

Die ATKV se lyfblad, ***Taalgenoot*** (nou bekend as ***TG***), berig vandeesmaand oor wonderlike uitvindings wat uit Suid-Afrika kom. Dit sluit in:

- Appletiser, Grapetiser en nou Peartiser;
- Jetmaster (uitvinder Glynn Jones);
- Policansky-visstokke (uitvinder Hymie Policansky);
- Cobb mini-oondjie (uitvinder Ken Hall);
- Plastiek inkopiewaentjies (uitvinders Martin Deale en Michael Wolfe);
- Kreepy Krauly (uitvinder Ferdinand Chauvier);
- Krieket / tennisbal spoedgeweer (uitvinder Henri Johnson);
- Pratley Putty (uitvinder George Pratley);
- CAT-skandeerder (uitvinder Allan MacLeod-Cormack).

Terloops, Pratley Putty is in 1948 in Krugersdorp deur George Pratley uitgevind en is selfs in 1969 gebruik om dele van die Eagle-landingstuig te heg waarmee Neil Armstrong en sy kollegas op die maan geland het!

*Om op **TG** in te teken, skryf aan* **taalgenoot@atkv.org.za**.

WELSYN

Ons het die volgende persvrystelling van **Abraham Kriel Kindersorg / Abraham Kriel Childcare** op 31 Mei 2007 ontvang:

Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis word Abraham Kriel Kindersorg

Vanaand kondig Paul Momsen, Uitvoerende Hoof van AKMK, aan dat hierdie 105-jaar-oue instansie voortaan bekend sal staan as Abraham Kriel Kindersorg.

Langlaagte Kindertehuis is in 1902 gestig om die nood van die meer as 12 000 kinders wat wees gelaat is ná die Suid-Afrikaanse oorlog aan te spreek. Met die dood van die stigter in 1928 is die instansie na hom vernoem. So het dit gebly tot in 1994, toe Maria Kloppers, gestig in 1908, met die Abraham Kriel Kinderhuis geamalgameer het.

Sedertdien is verandering en uitbreiding van dienste aan die orde van die dag. In 1995 word Emdeni Kinderhuis deel van die groep en open die eerste satelliethuis. Teen 2002, toe die organisasie sy eeufees vier, is vyf satelliethuise gevestig.

In 2003 kom daar groot verandering met die loodsing van 'n tuisversorgingsprogram vir Vigsweeskinders in vennootskap met Steinhoff Afrika; Johanna Malan Vroeë

Kinderontwikkelingsentrum word geïnkorporeer en ’n sesde satelliethuis open sy deure. Die sewende satelliethuis word sedert 2006 in vennootskap met Siemens bedryf.

Toenemend is daar besef dat Suid-Afrika se kinders nuwe krisisse in die nuwe eeu die hoof moet bied. Die aard van geweld teen kinders het ontsaglike proporsies aangeneem en die organisasie se missie om hulle as bydraende lede van die samelewing toe te rus vereis meer gespesialiseerde dienste. Terselfdertyd is die land gekonfronteer met derduisende kinders wat wees gelaat word as gevolg van die MIV/Vigspandemie. Daar moes dringend oplossings gevind word om meer van hierdie kinders te bereik, sodat hulle ‘n kans het om die dokters, bestuurders, ingenieurs, haarkappers en maatskaplike werkers van die toekoms te word, eerder as nog ’n verlore generasie. Die wêreld is nie goed vir dié kinders nie. AKK wil die kinders se hartseer, hopelose wêrelde verander en sodoende almal met wie hulle in die toekoms in aanraking kom s’n ook.

Sedert 2005 werk die organisasie aan ’n strategiese herposisioneringsplan om die volgende doelwitte te bereik:

1. Om erg getraumatiseerde kinders intensief terapeuties te behandel, sodat hulle ’n kans het om ’n normale lewe te voer.
2. Om, waar moontlik, kinders òf in pleegsorg te plaas òf in satelliethuise te versorg, ten einde die nadele van institusionalisering te vermy.
3. Om meer kinders te bereik deur ’n holistiese tuisversorgingsprogram vir kinders wat honger, weerloos en uitsigloos gelaat is as gevolg van die MIV/Vigspandemie.
4. En om die verbrokkeling van gesinne te voorkom en vroeë kinderontwikkeling vir kleuters beskikbaar te maak.

Hierdeur het dienste in so ’n mate uitgebrei dat daar lank reeds nie meer net kinderhuise bedryf is nie, maar dat die organisasie wel ’n breë spektrum van kindersorgdienste bied aan die mees kwesbare kinders in die gebiede waar hulle werk. Die Kinderhuis deel van die naam moes uit, omdat dit aanleiding gee tot misverstand. Daarby was ons naam lank en lomp. Verskeie opsies vir ’n nuwe naam is oorweeg. Daar is wyd met die publiek gekonsulteer en uiteindelik is daar besluit dat **“Abraham Kriel Kindersorg”** die organisasie se ideale vir die toekoms en die beste uit sy verlede verteenwoordig.

Nog ’n naam was gewild by die publiek naamlik “Anker van Hoop”. Daarom is die slagspreuk verander van “Ek Kan” na “My Anker van Hoop”. Die anker verwys nie na die organisasie as sulks nie, maar wel na ’n persoonlike geankerdheid, wat moontlik gemaak word, enersyds deur die skep van geleenthede vir kinders om hulle eie potensiaal te ontwikkel en andersyds ’n besef van hulle eie waarde as kosbare geestelike wesens.

In die eerste 100 jaar van sy bestaan het *“Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis”* meer as 13 000 kinders gehelp. Baie van hulle het hulle hele kinderlewe hier deurgebring. Beide die omvang van die nood en die nadele van ’n langdurige verblyf in ’n institusie noodsaak nuwe oplossings. Abraham Kriel Kindersorg is ’n baanbreker op die pad na ’n beter wêreld vir Suid-Afrika se kinders in nood.

Vir meer inligting kontak **Hilda du Toit,** Bemarkingsbestuurder, Abraham Kriel Kindersorg by tel: 0027-11-8393058, faks: 0027-86-6126895 of hdt@abrahamkriel.org. Besoek ook www.abrahamkriel.org. Jy kan ook ‘n verskil maak in die lewe van ‘n kind in nood!

RESEP VAN DIE MAAND

Appel Blatjang:

1 kg Granny Smith of ander groen appels 1
fyngekapte ui (groot)
375 ml bruinsuiker 375
ml wit asyn
125 ml lemoensap 3
fyngekapte brandrissies
5 ml fyngekapte gemmer sout
na smaak
3 gekneusde knoffelhuisies

Skil die appels, verwyder die pitte en rasper dit op die growwe kant van die rasper. Meng al die bestanddele goed saam. Laat prut dit ongeveer 40 minute lank totdat dit dik en souserig is. Skep die blatjang in warm gesteriliseerde flesse en maak seker dat daar geen lugblasies vorm nie. Verseël deeglik. Bewaar die blatjang verkieslik in die yskas.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

Melissa Groom skryf uit Durban: Thank you for your monthly newsletter. I am an American, married to a South African in Durban. When we decided to move to South Africa with our two boys a few years ago I had many concerns. Your information was always a wonderful thing to read. We had always planned moving back to the States after a few years here. I didn't think the decision to move back to MY home country would be a hard one but we have been so fortunate to meet wonderful people here, my husband loves his job and best of all, can be close to his family that our heart strings are torn. We will, however, be moving back at the end of the year. Just wondering if you have any contacts for people organizing a crate headed to the States? I remember reading a few times that people have gotten together to share the cost. Our dates are flexible, but toward the end of the year. Thank you in advance! Keep up the good work! Your newsletter reassured me that a move to South Africa could be a rewarding experience, and it has been! Why isn't the world smaller?!?! Melissa Groom - **moyamuhle@hotmail.com**.

Elkeen van ons kan ‘n positiewe verskil maak in iemand se lewe – help asseblief vir Melissa, of die kinders van Abraham Kriel, of wie ookal oor julle pad kom die maand! Dankie vir julle ondersteuning aan ons. Skryf gerus gou weer en geniet die maand wat voorlê!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]